(5) (a) If any obstruction in the waterways or any part thereof is caused by or arises from the collapse of the waterways bank during the con-

ander aan sy stuurboord kant het, uit die ander se pad bly deur koers of spoed te verander of, indien nodig, tot stilstand te kom en agteruit te gaan ten einde die gevaar van 'n botsing te vermy.

(4) 'n Boot wat 'n ander verbystek, moet op 'n goeie afstand bly van die boot wat verbygestek word. Indien die boot wat verbygestek word, in beweging is, moet dit sover moontlik koers en spoed behou terwyl dit verbygestek word.

Boottoerusting

10. Elke boot moet toegerus wees met —

- (a) 'n voldoende getal doeltreffende roeispane of pagaaië;
- (b) 'n geskikte vullishouer;
- (c) 'n geskikte anker met 'n voldoende lengte ankertou, en
- (d) skeepvaartligte indien die boot in die donker gebruik gaan word.

Aanlêsteiers, sleephellings, vasmeerplekke ens.

11. (1) Die oprigting van aanlêsteiers, afloopplanke, lanseerhellings, sleephellings of ander versperrings in, op of oor die waterweë word toegelaat alleenlik indien dit uitgevoer word in ooreenstemming met planne wat vooraf deur die raad goedgekeur is en in ooreenstemming met die voorwaardes aangaande die oprigting en instandhouding daarvan wat deur die raad voorgeskryf word, afgesien van enige ander wetgewing wat van toepassing is op die konstruksie van sulke strukture.

(2) Die aanbring van boeie en die vasmeer van bote in die waterweë of by die oevers daarvan deur middel van enige metode wat ook al word alleenlik toegelaat by die plekke wat die raad goedkeur en onderworpe aan die voorwaardes wat die raad voorskryf.

(3) 'n Oewereienaar kan sy bote verniet vasmeer op 'n plek aanliggend aan sy eiendom op 'n wyse wat vir die raad aanvaarbaar is mits daar nie meer as twee bote gelyktydig vasgemeer word nie.

(4) 'n Oewereienaar mag gratis vasmeerplek alleenlik aan sy oornaggaste bied mits die totale getal bote deur sodanige eienaar en sy gaste vasgemeer, nie twee oorskry nie. Die bote van sodanige gaste moet gelisensieer wees of 'n tydelike permit soos voorgeskryf moet ten opsigte daarvan uitgereik wees.

(5) Nie-oewereienaars kan hul bote slegs vasmeer by vasmeerplekke deur die raad aangewys en wel na betaling van die voorgeskrewe gelde.

(6) Kommersiële bote kan alleenlik brandstof inneem of gelaai of afgelaai word, en die bemanning daarvan kan alleenlik aan boord of aan land gaan by die boothawe (erf 1279) of by enige ander plek deur die raad vir hierdie spesifieke doel goedgekeur en/of afgebaken.

(7) Geen persoon mag op 'n vasgemeerde boot oornag sonder die toestemming van die raad nie.

Beskerming van die waterweë en die oevers daarvan

12. (1) Uitgesonderd vir goedgekeurde navorsingsdoeleindes en met die toestemming van die raad mag geen persoon 'n sleepnet of gooinet in enige gedeelte van die waterweë gebruik of in enige gedeelte van die waterweë of op die oevers daarvan grawe of pomp of dit op enige ander wyse versteur of soek na aas nie.

(2) Waar enige persoon van voorneme is om die waterweë-oewer wat die waterkant van enige erf vorm, te beskerm, moet die nodige planne ingedien word by en goedgekeur word deur die Raad voordat enige werk 'n aanvang neem.

(3) Ten einde die waterweë beter te beskerm, kan die raad vereis dat enige oewereienaar deur middel van metodes voorgeskryf deur of aanvaarbaar vir die raad die stabiliteit van die waterweë-oewer wat die waterkant van sy erf vorm, te verseker. Versuim om ten genoë van die raad aan hierdie vereiste te voldoen, is 'n misdryf.

(4) Ondanks die feit dat 'n metode van beskerming deur die raad voorgeskryf of goedgekeur is, aanvaar die raad geen verantwoordelikheid vir die duursaamheid daarvan nie. Indien die metode van beskerming wat gebruik word, na die mening van die raad op enige tyd nie effektief blyk te wees nie, kan die raad die oewereienaar aansê om dit te verbeter, of te verwyder en te vervang.

(5) (a) Indien daar enige obstruksie in die waterweë of enige gedeelte daarvan veroorsaak word of ontstaan as gevolg van die ineenstorting

struction of any form of protection or at any time after such protection has been completed, or on removal of any form of protection because of its ineffectiveness, or for any other reason whatsoever, the Council may remove such obstruction and recover the cost of such removal from the riparian owner concerned if such obstruction has not been removed to the satisfaction of the Council within a period of time stipulated by the Council, and

(b) if, in the opinion of the Council, any obstruction in the waterways is caused by the failure of a riparian owner to protect the waterways bank forming the waterfront of his erf adequately, the Council shall have the right to remove such obstruction and recover the cost thereof from such owner.

(6) In the event of the boundaries of the riparian owner's erf and the adjacent bank of the waterways not coinciding exactly, the riparian owner shall be responsible for the protection of that portion of the bank bounded by the actual side boundaries of his erf or by their prolongation to the waterways.

(7) Any undredged portion of a waterways erf which remains between a riparian owner's erf boundary and the waterways low tide mark shall be available for the sole use of the riparian owner; provided that the Council may at any time widen the waterways by dredging that area or any portion thereof if deemed necessary by it.

(8) If, after a riparian owner has protected the waterways bank forming the waterfront of his erf in terms of subsection (3), the Council decides in terms of subsection (7) to widen the waterways by dredging, the Council shall in the first instance be responsible for protecting the new bank. Thereafter the responsibility shall again devolve upon the riparian owner.

(9) No person shall cause or permit any dredging operations or earthworks designed to alter the extent of the waterways without the prior permission of the Council.

(10) The Council may at any time in its discretion close off any part of the waterways for the purpose of carrying out repairs, dredging, construction, or maintenance work or for any other purpose deemed appropriate.

(11) Water-skiing or aquaplaning on the waterways is prohibited.

(12) If the Council has required a riparian owner to protect or stabilise the waterways bank forming the waterfront of his erf in terms of subsection (3) and the property is sold before the said owner has done the required protection or stabilisation work, no authority for the transfer of such property shall be issued unless and until such protection or stabilisation work has been completed to the satisfaction of the Council or the necessary financial guarantees have been provided to the satisfaction of the Council to ensure that the required protection or stabilisation work will be done.

Fouling and pollution of the waterways

13. (1) Except with the permission of the Council, no person shall cause any drain, gutter or tank to discharge into the waterways or shall discharge any waste water from any other source therein.

(2) No substance such as petrol, oil or anything toxic or obnoxious shall be deposited or disposed of in the waterways.

(3) No bottles, cans, garbage or refuse of any kind whatsoever shall be thrown into the waterways or deposited upon the adjacent land or any facility except in receptacles furnished for that purpose.

(4) No person shall by any act or omission, whether directly or indirectly, allow a nuisance or the creation or continuation of a source of danger or allow any interference with the convenience or comfort of persons in the neighbourhood of the waterways.

(5) Any person fouling or polluting the waterways, any land adjacent thereto or any facility in connection therewith shall be guilty of an offence.

(6) Bilges shall not be emptied in the waterways.

Exemption from liability in respect of injury and/or damage

14. (1) The Council shall not be liable for any injury which is sustained by any person using the waterways or any facility or for damage arising

van die waterweë-oewer gedurende die konstruksie van enige vorm van beskerming, of op enige tydstip nadat sodanige beskerming voltooi is, of wanneer enige vorm van beskerming verwyder word omrede dit nie meer effektief is nie of om enige ander rede wat ook al, kan die raad sodanige obstruksie verwyder en die koste van sodanige verwydering op die betrokke oewereienaar verhaal indien sodanige obstruksie nie ten genoeg van die raad verwyder is binne 'n tydperk deur die raad vasgestel nie, en

(b) indien, volgens die mening van die raad, enige obstruksie in die waterweë veroorsaak word deur die versuim van 'n oewereienaar om die waterweë-oewer, wat die waterkant van sy erf vorm, doeltreffend te beskerm, het die raad die reg om sodanige obstruksie te verwyder en die koste daarvan op die eienaar te verhaal.

(6) Ingeval die grens van die oewereienaar se erf en die aangrensende waterweë-oewer nie presies saamval nie, is die oewereienaar verantwoordelik vir die beskerming van die gedeelte van die oewer wat begrens word deur die werklike kantgrense van sy erf of deur die verlening daarvan tot aan die waterweë.

(7) Enige ongebaggerde gedeelte van 'n waterweë-erf tussen 'n oewereienaar se erf grens en die laagwatermerk van die waterweë is beskikbaar vir die uitsluitlike gebruik van die oewereienaar; met dien verstande dat die raad te eniger tyd die waterweë kan verbreed deur sodanige gedeelte of enige deel daarvan te bagger indien die raad dit nodig ag.

(8) Ingeval die raad, nadat 'n oewereienaar die waterweë-oewer wat die waterkant van sy erf vorm; ingevolge subartikel (3) beskerm het, besluit om die waterweë ingevolge subartikel (7) te verbreed deur dit te bagger, is die raad in die eerste plek verantwoordelik vir die beskerming van die nuwe oewer. Daarna gaan die verantwoordelikheid weer oor op die oewereienaar.

(9) Niemand mag enige bagger- of grondwerke wat daarop gemik is om die omvang van die waterweë te verander, onderneem of toelaat dat dit onderneem word sonder die vooraf verkreeë toestemming van die raad nie.

(10) Die raad kan te eniger tyd na goëddunke enige gedeelte van die waterweë toemaak vir die doel om herstel-, bagger-, bou- of instandhoudingswerk uit te voer of vir enige ander doel wat die raad nodig ag.

(11) Waterski of ski-plankry op die waterweë is verbode.

(12) Indien die raad vereis dat 'n oewereienaar die waterweë-oewer wat die waterkant van sy erf vorm, moet beskerm of stabiliseer ingevolge subartikel (3) en die eiendom verkoop word alvorens die genoemde eienaar die vereiste beskermings- of stabiliseringswerk gedoen het, word magtiging vir die oordrag van sodanige eiendom nie uitgereik nie tensy en totdat sodanige beskermings- of stabiliseringswerk ten genoeg van die raad afgehandel is of die nodige finansiële waarborg ten genoeg van die raad verskaf is om te verseker dat die vereiste beskermings- of stabiliseringswerk gedoen sal word.

Bevuiling en besoedeling van die waterweë

13. (1) Uitgesonderd met die toestemming van die raad mag geen persoon enige riool, geut of tenk in die waterweë laat afvoer of enige vuilwater van enige ander bron daarin afvoer nie.

(2) Geen stowwe soos petrol, olie of enigiets giftigs of skadeliks mag in die waterweë gestort of weggedoen word nie.

(3) Geen bottels, blikke, afval of vullis van enige aard hoegenaamd mag in die waterweë gegooi of op die aanliggende grond of enige gerief gestort word nie, uitgesonderd in die houers wat vir dié doel voorsien word.

(4) Geen persoon mag deur enige handeling of versuim, hetsy regstreeks of onregstreeks, 'n oorlas of die skepping of voortsetting van 'n bron van gevaar toelaat, of toelaat dat ingemeng word met die gerief of gemak van persone in die omgewing van die waterweë nie.

(5) Enige persoon wat die waterweë, enige grond wat daaraan grens of enige gerief in verband daarmee bevuil of besoedel, is skuldig aan 'n misdryf.

(6) Kimme mag nie in die waterweë leeggemaak word nie.

Vrystelling van aanspreeklikheid ten opsigte van besering en/of skade

14. (1) Die raad aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige besering wat opgedoen word deur enige persoon wat van die waterweë of enige gerief

from whatsoever cause which is caused to any property brought thereon.

(2) (a) The Council as a whole, individual Councillors, any person or independent contractor in the service of the Council and any authorised officer shall not, except in the event of any wilful act or omission on the part of the Council or the said persons, be liable for any loss or damage as a result of loss or damage to property which is caused by or arises out of or in connection with anything which is done or performed *bona fide* in the exercise of a power or duty conferred or imposed in terms of this by-law.

(b) If any question arises as to the good faith of any such person, his good faith shall be presumed unless the contrary is proved.

Delegation of powers

15. The Council may delegate and/or transfer any powers conferred on it by this by-law, with the exception of the power to levy or determine fees, to any person or persons or organisation, and such person or organisation shall, after such delegation or transfer, have the same powers as the Council would have had in terms of the provisions of this by-law.

Removal of boats from the waterways

16. (1) If the owner of an unlicensed boat fails to remove such boat from the waterways after having been requested to do so by the Council in writing, the Council may remove such boat forthwith.

(2) (a) In the event of the Council's cancelling any licence, or if any licence lapses in terms of this by-law, the owner of the boat, the licence of which has lapsed or has been cancelled, shall immediately remove such boat from the waterways.

(b) If the owner of a boat, the licence of which has lapsed or has been cancelled, fails to remove such boat from the waterways within 30 days of such licence having lapsed or of notification to him of the said cancellation, he shall be guilty of an offence and the Council may remove such boat forthwith.

(3) Any boat making use of a facility in or on the waterways for which the fees as prescribed by the Council are in arrears for more than 180 days, may be removed from the waterways by the Council after written notice of the Council's intention has been given to the licensee.

(4) If, in the opinion of the Council, any boat constitutes a danger in the waterways or causes pollution by the discharge of petrol or fuel oil, such boat may be removed forthwith by the Council.

(5) Where the Council is empowered to remove a boat, an authorised officer may make any arrangements considered necessary by him to ensure the removal of such boat, and the Council may recover the cost of such removal from the owner.

(6) If boats removed from the waterways in terms of the provisions of subsections (1), (2)(b) or (4) or section 20 are not claimed within 90 days of such removal or, in the case of boats referred to in subsection (3), within 90 days of the said written notice being given and all arrear fees being paid, the Council may sell such boat or boats by public tender or auction sale.

(7) Any moneys derived from a sale in terms of subsection (6) shall be used to defray any costs arising from such sale and the removal of boats from the waterways and for the payment of any arrear fees due to Council in terms of the provisions of this by-law and, in the event of there being any surplus, such surplus shall be refunded to the owner.

(8) In the event of the moneys derived from a sale in terms of subsection (6) being insufficient to cover the Council's costs as referred to in subsection (7) or any arrear fees due to the Council, it shall not be restrained from taking further steps to recover such costs or arrear fees in accordance with the powers vested in the Council.

Appropriation of fees levied, determined, demanded or collected

17. Any fees levied, determined, demanded or collected in accordance with the provisions of this by-law shall be employed for the dredging, maintenance and upkeep of the waterways and for the provision and/or upkeep of any facility in the waterways or on property of/or under the

gebruik maak, of vir skade voortspruitend uit watter oorsaak ook al wat aaningerig word aan enige eiendom wat daarheen gebring word nie.

(2) (a) Die raad in sy geheel, afsonderlike, raadslede, enige persoon of onafhanklike kontrakteur in diens van die raad en enige gemagtigde beampte is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade as gevolg van die verlies van of skade aan eiendom, wat veroorsaak word of voortspruit uit of in verband staan met enigiets wat te goeder trou gedoen of verrig word in die uitoefening of verrigting van 'n bevoegdheid of plig verleen of opgelê ingevolge hierdie verordening nie, uitgesonderd in die geval van 'n opsetlike daad of opsetlike versuim van die kant van die raad of gemelde persone.

(b) Indien enige vraag ontstaan oor die goeie trou van enige sodanige persoon, word sy goeie trou aanvaar tensy die teendeel bewys word.

Delegasie van bevoegdhede

15. Die raad kan enige bevoegdheid by hierdie verordening aan hom verleen, met uitsondering van die bevoegdheid om gelde te hef of vas te stel, aan enige persoon of persone of organisasie deleger en/of oordra, en sodanige persoon of organisasie het na sodanige delegasie of oordrag dieselfde bevoegdhede as wat die raad ingevolge die bepalings van hierdie verordening sou gehad het.

Verwydering van bote van die waterweë

16. (1) Indien die eienaar van 'n ongelisensieerde boot versuim om sodanige boot van die waterweë te verwyder nadat hy skriftelik deur die raad versoek is om dit te doen, kan die raad sodanige boot summier verwyder.

(2) (a) Ingeval die raad enige lisensie intrek of indien enige lisensie ingevolge hierdie verordening verval moet die eienaar van die boot waarvan die lisensie verval het of ingetrek is, sodanige boot dadelik van die waterweë verwyder.

(b) Indien die eienaar van 'n boot waarvan die lisensie verval of ingetrek is, in gebreke bly om sodanige boot van die waterweë te verwyder binne 30 dae na die verval van die lisensie of nadat kennis van gemelde intrekking aan hom gegee is, is hy skuldig aan 'n misdryf en kan die raad sodanige boot summier verwyder.

(3) Enige boot wat gebruik maak van 'n gerief in of op die waterweë ten opsigte waarvan die gelde, soos deur die raad voorgeskryf, agterstallig is vir meer as 180 dae, kan deur die raad van die waterweë verwyder word nadat die lisensiehouer skriftelik van die raad se voorneme verwittig is.

(4) Indien die raad van mening is dat enige boot 'n gevaar in die waterweë uitmaak of besoedeling veroorsaak deur die storting van petrol of brandolie, kan sodanige boot summier deur die raad verwyder word.

(5) Waar die raad gemagtig is om 'n boot te verwyder, kan 'n gemagtigde beampte enige reëlins tref wat hy nodig ag om die verwydering van sodanige boot te verseker, en die raad kan die koste van sodanige verwydering op die eienaar verhaal.

(6) Indien bote wat ingevolge die bepalings van subartikels (1), (2)(b) of (4) of artikel 20 van die waterweë verwyder is, nie binne 90 dae na sodanige verwydering of, in die geval van bote wat in subartikel (3) vermeld word, binne 90 dae nadat genoemde skriftelik kennis gegee en alle agterstallige gelde betaal is, opgeëis word nie, kan die raad sodanige boot of bote per openbare veiling of tender verkoop.

(7) Enige gelde wat verkry word deur 'n verkoping ingevolge subartikel (6) word aangewend ter betaling van enige koste in verband met sodanige verkoping en die verwydering van bote van die waterweë en ter vereffening van enige agterstallige gelde wat aan die raad verskuldig is ingevolge die bepalings van hierdie verordening, en indien daar enige surplus is, word sodanige surplus aan die eienaar terugbetaal.

(8) Indien die gelde wat uit 'n verkoping ingevolge subartikel (6) verkry word, nie voldoende is om die raad se koste, soos in subartikel (7) gemeld, of enige agterstallige gelde wat aan die raad verskuldig is, te dek nie, weerhou dit die raad nie daarvan om verdere stappe te doen ter invordering van sodanige koste of agterstallige gelde in ooreenstemming met die bevoegdhede aan hom verleen nie.

Aanwending van gelde gehef, vasgestel, gevorder of geëin

17. Enige gelde wat in ooreenstemming met die bepalings van hierdie verordening gehef, vasgestel, gevorder of geëin word, word aangewend vir die bagger, onderhoud en instandhouding van die waterweë en vir die voorsiening van en/of die instandhouding van enige gerief in die waterweë

control of the Council which is adjacent to the waterways, which, in the opinion of the Council, are desirable for the use of or control of the waterways, including dredging in the Kromme River to ensure the navigability of the inlet canals from the Kromme River to the waterways if deemed to be desirable by the Council.

Powers of authorised officers

18. (1) Any person who operates an unlicensed boat on the waterways or contravenes any provision of this by-law may be ordered by an authorised officer to remove such boat forthwith from the waterways or to cease such contravention, and non-compliance with such order shall constitute an offence.

(2) Any authorised officer shall have the right to board and inspect any boat at any time for the purpose of ensuring compliance with the provisions of this by-law.

(3) (a) No person shall obstruct or interfere with any authorised officer whilst the latter is engaged in the execution of his duties, and

(b) no person shall refuse to furnish his/her correct name and address when requested to do so by an authorised officer.

Right of admission

19. (1) The Council shall reserve the right of admission to the waterways.

(2) No intoxicated person shall be allowed on the waterways.

Access to waterways restricted

20. Notwithstanding any other provision contained in this by-law, no boat, vessel, punt or raft with an overall length of more than 6,6 m or a beam of more than 2,6 m shall enter the waterways and no such boat or other vessel which has entered the waterways, whether before or after the coming into operation of this by-law, shall remain in such waterways. No such boat or vessel shall be licensed. In the event of any such boat or other vessel entering or remaining in the waterways, any authorised officer shall have the right to board such boat or vessel and remove it from the waterways forthwith or make such arrangements as he may consider necessary to ensure the said removal. The Council may thereafter recover the cost of the said removal from the owner of the said boat or vessel.

Penalty

21. Any person who commits any breach of this by-law or fails to observe, carry out or comply with any condition under which any boat has been licensed, issued with a temporary permit, allowed to make use of any facility etc., shall be guilty of an offence and shall be liable on conviction to a fine not exceeding R200 or to imprisonment not exceeding 6 months or to both such fine and imprisonment and, in the case of a continuing offence, to an additional fine not exceeding R5 for each day during which such offence continues.

Waiver of by-law

22. The Council may, if it deems it desirable to do so, waive compliance with or permit deviations, exceptions and exemptions in respect of any provisions of this by-law, subject to such conditions as it may deem fit.

P.N. 341/1987

26 June 1987

The Administrator has approved the subjoined amendment framed by the Municipal Council of Fish Hoek.

FISH HOEK MUNICIPALITY: AMENDMENT TO THE BY-LAW RELATING TO THE CONTROL OF MATERIALS USED FOR BOUNDARY WALLS AND FENCES

The by-law promulgated under Provincial Notice 632 dated 24 October 1986 is hereby amended in section 3 by the substitution for subsection (1)(f)(ii) of the following subsection:

"(1)(f)(ii) shall be patterned and coloured permanently by the addition of a pigment during the manufacturing thereof, or patterned and painted in a manner and in a colour acceptable to the Engineer."

of op eiendom van of onder beheer van die raad wat aan die waterweë grens, wat volgens die mening van die raad wenslik is vir die gebruik van of beheer oor die waterweë, insluitende baggerwerk in die Kromrivier ten einde die bevaarbaarheid van die inlaatkanale van die Kromrivier na die waterweë te verseker indien dit deur die raad wenslik geag word.

Bevoegdhede van gemagtigde beamptes

18. (1) Enige persoon wat 'n ongelisensieerde boot op die waterweë hanteer of wat enige bepaling van hierdie verordening oortree, kan deur 'n gemagtigde beampte aangesê word om dadelik sodanige boot van die waterweë te verwyder of om sodanige oortreding te staak, en die nienakoming van so 'n opdrag is 'n misdryf.

(2) Enige gemagtigde beampte het die reg om te eniger tyd aan boord van 'n boot te gaan en dit te inspekteer ten einde nakoming van die bepalings van hierdie verordening te verseker.

(3) (a) Geen persoon mag enige gemagtigde beampte by die uitvoer van sy pligte dwarsboom of hom met hom inmeng nie, en

(b) Geen persoon mag weier om sy/haar juiste naam en adres te verstrek wanneer 'n gemagtigde beampte hom/haar daartoe versoek nie.

Reg van toegang

19. (1) Die reg van toegang tot die waterweë word deur die raad voorbehou.

(2) Geen persoon wat besope of bedwelmd is, word op die waterweë toegelaat nie.

Toegang tot waterweë beperk

20. Ondanks enige andersluidende bepaling van hierdie verordening mag geen boot, vaartuig, platboomskuif of vlot met 'n algehele lengte van meer as 6,6 m of 'n breedte van meer as 2,6 m die waterweë binnevaar nie en geen sodanige boot of ander vaartuig wat die waterweë binnegevaar het, hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie verordening, mag in die waterweë bly nie. Geen sodanige boot of vaartuig word gelisensieer nie. Ingeval enige sodanige boot of vaartuig die waterweë binnevaar of daarin bly, het enige gemagtigde beampte die reg om aan boord van sodanige boot of vaartuig te gaan en dit summier van die waterweë te verwyder of om die maatreëls te tref wat hy nodig ag ten einde sodanige verwydering te verseker. Die raad kan die koste van die genoemde verwydering daarna op die eienaar van gemelde boot of vaartuig verhaal.

Strafbepaling

21. Enige persoon wat hierdie verordening oortree of versuim om enige voorwaarde waarop 'n boot gelisensieer is, van 'n tydelike permit voorsien is, toegelaat is om van 'n gerief gebruik te maak, ens. na te kom of uit te voer of daaraan te voldoen is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200 of met gevangenisstraf van hoogstens 6 maande of met beide sodanige boete en gevangenisstraf en in die geval van 'n voortdurende misdryf, met 'n addisionele boete van hoogstens R5 vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur.

Afstanddoening van verordening

22. Die raad kan, indien hy dit wenslik ag, afstand doen van die nakoming van enige bepaling van hierdie verordening of hy kan afwykings, uitsonderings en vrystellings ten opsigte daarvan toelaat onderworpe aan enige voorwaardes wat hy goed dink.

P.K. 341/1987

26 Junie 1987

Die Administrateur het sy goedkeuring geheg aan die volgende wysiging opgestel deur die Munisipale Raad van Vishoek.

MUNISIPALITEIT VISHOEK: WYSIGING VAN DIE VERORDENING INSAKE DIE BEHEER OOR MATERIAAL WAT VIR GRENSMURE EN HENINGS GEBRUIK WORD

Die verordening afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 632 van 24 Oktober 1986 word hierby in artikel 3 gewysig deur subartikel (1)(f)(ii) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1)(f)(ii) blywend met patrone versier of blywend gekleur is deur die byvoeging van pigment gedurende die vervaardiging daarvan, of met patrone versier en geverf op 'n manier en in 'n kleur wat vir die ingenieur aanvaarbaar is."